

## Korrespondensie

### EENHEID IN DIE WETENSKAP, 'N WETENSKAPSTAAL EN AFRIKAANS AS WETENSKAPSTAAL: 'N REAKSIE

Met verwysing na bogenoemde artikel (*SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 12, no. 2 1993) die volgende:

1. Teen die agtergrond van die outeur se erkenning van die ideaal van "Eenheid in die Wetenskap", doen sy bewering dat "begrippe aangaande die wetenskap as geheel en die samehang van die gespesialiseerde vakwetenskappe, baie meer kultuurgebonde is, en baie moeiliker internasionaal oordraagbaar is, as die begrippe binne die gespesialiseerde vakwetenskappe" vreemd aan. Indien die ideaal van "Eenheid in die Wetenskap" ("die beginpunt vir 'n wetenskapstaal binne elke samelewing met wetenskap as deel van sy kultuur") nog enigsins epistemologies verantwoordbaar was, sou 'n mens verwag dat gespesialiseerde vakwetenskappe eerder meer kultureel bepaald sou wees (vanweë bv. hulle prominensie binne 'n spesifieke samelewing soos mynbou in Suid-Afrika of elektronika in Japan) as die verenigde, oorkoepelende wetenskap.

Die ideaal van "Eenheid in die Wetenskap" staan vandag gediskrediteer. Kennis hiervan is bv. al deur Edmund Husserl gedurende die dertigerjare met sy *Die Krisis der Europaïshen Wissenschaften* geneem. Dit spreek ook uit die outeur se eie definisie van die begrip wetenskap. Om "alle aspekte van die geesteswetenskap, natuurwetenskap en tegniese wetenskap" saam te blok onder een reduktiewe begrip bring ons nog niks nader aan Eenheid in die Wetenskap nie. Gesien in die lig van die werk van outeurs soos Foucault en Kuhn is dit te betwyfel of hierdie verskillende vakgebiede ooit verenig sal word.

Die mees konkrete aanduiding wat die outeur van "Die Wetenskap" gee, is "die verbindende wetenskapsleer" - dus wetenskapsfilosofie. Dis moeilik om te verstaan hoe die ontwikkeling van 'n wetenskapstaal - oftewel 'n terminologie vir wetenskapsfilosofie - sal lei tot die bevordering van Afrikaans as wetenskapstaal.

2. Dit wil voorkom asof die begrip "Wetenskap" waarmee die outeur so royaal omgaan gevaarlik na aan 'n Westerse definisie van die begrip kom, soos blyk uit sy sentiment vir die verouderde Westerse ideaal van "Eenheid in die Wetenskap". So is dit bv. moeilik om te

sien hoe 'n voormoderne samelewing wie se "spesialiswetenskap" een of ander vorm van tradisionele geneeskunde is, hom sal besig hou met die soeke na "Eenheid in die Wetenskap". Trouens, so 'n "spesialiswetenskap" is eerder 'n goeie voorbeeld van die kulturele bepaaldheid van 'n "spesialiswetenskap".

3. Gesien in die lig van bogenoemde, kom die outeur se stelling oor hoe die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* kan bydra tot die "bevordering van Afrikaans as 'n wetenskapstaal" erg bevooroordeelde voor.

4. As alternatiewe oplossing vir die probleem van die verarming van 'n eie wetenskapstaal as gevolg van die gebruik van 'n taal wat in die vakwetenskaplike gemeenskap internasionaal as die beste kommunikasie-medium aanvaar word, sou ek aan die hand doen dat 'n eie wetenskapstaal nie net bepaal word deur internasionale skakeling nie, maar ook deur die wetenskaplike noemenswaardigheid van so 'n taal se gebruikers. Met ander woorde, 'n samelewing waarvan die wetenskaplikes wel werk van gehalte lewer hoef minder bedreig deur 'n internasionale *lingua franca* te voel, as een waarvan die wetenskaplikes meer besorg is oor die instandhouding van ordes as oor nuwe kennis.

5. Met al bogenoemde word nie geïmpliseer dat die onderskeie wetenskappe, gesien in die lig van hulle toenemende gefragmenteerdheid en die gelyklopende armoede van die gedagte van 'n verenigde wetenskap, niks vir mekaar te sê het nie. Intendeel, dit is juis hier waar die waarde van die interdisiplinêre gesprek ter sake kom - vgl. bv. die suksesvolle gesprek wat in Mei vanjaar tussen natuurwetenskaplikes en teoloog plaasgevind het oor die nuwe ontwikkelinge in die kosmologie by die Instituut vir Teologiese Navorsing van die Universiteit van Suid-Afrika. Behalwe vir die wedersydse verryking wat hieruit gespruit het, dra sulke gesprekke ook by tot die uitbreiding van sowel terminologie as wetenskapsfilosofiese gedagtes.

JOHANN ROSSOUW